**25 Augustus**

**Die wins van die geloof**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 6:1-10**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 6:6**

Geloof en voorspoed gaan vir baie mense hand aan hand. Vir hierdie mense is hulle geloof die sleutel tot hulle sukses. Maar in ons fokusgedeelte waarsku Paulus pertinent daarteen dat geloof en geld aan mekaar gekoppel word. Paulus het nie 'n probleem as die een wat die Woord verkondig, deur die gemeente versorg word nie, maar wel wanneer Woordverkondiging gebruik word om jouself te verryk. So word God gebruik in diens van die sondige begeerte van die mens.

In ons fokusgedeelte wys Paulus daarop dat diens aan God tóg "*'n groot wins*" is. Maar Paulus koppel "*wins*" aan "*tevrede is met wat hy het*". Hiermee wys hy dat die wins waarvan hy praat, nie in geldelike terme gemeet moet word nie. 'n Lewe in diens van God is alleen 'n "*wins*" as dit gepaard gaan met "*tevrede is met dit wat jy het*".

Hierdie "*tevrede wees*" is die gesindheid wat daar in die hart van elke Christen moet wees. "*Tevrede met wat jy het*" wys dat jy volkome op die Here vertrou om te voorsien in al jou behoeftes. En tog beteken tevrede nie dat jy maar net met die hande gevou jou lot moet aanvaar nie. Inteendeel, dit beteken dat jy met die gawes wat die Here aan jou gee, met ywer moet werk. Die Here beloof tog herhaaldelik dat Hy sy kinders versorg. Hy gee nie alles wat ons wil hê nie, maar wel alles wat ons nodig het.

Sing: Psalm 42:1 en 7 (1936-beryming) Ds. Gideon Coetzee(Nigel)